higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR-VLAK 2

(3021012)

12 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

092Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
BEDRYFSBESTUUR
NKR-VLAK 2
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of ‘n swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Strategiese besluite is dié wat die rigting van 'n besigheid bepaal.

1.1.2 Bedryfsbestuurder moet probleemareas identifiseer en dit regstel met minimum koste.

1.1.3 Dit is belangrik vir 'n bedryfsbestuurder om die aktiwiteite van ander besighede in die bedryf waar te neem.

1.1.4 Indirekte funksie van 'n bedryfsbestuurder is wanneer hy/sy persoonlik verantwoordelik is vir die beplanning en prestasieverbetering van 'n spesifieke funksie.

1.1.5 By die uitvoering van die vervoerfunksie moet die bedryfsbestuurder verseker dat besigheidsdoelwitte en -mikpunte vir die besigheid gestel word.

1.1.6 Die beroepsgesondheid en -veiligheid-funksie is ontwerp om slegs werknemers te beskerm.

1.1.7 Besighede moet streef na hoë vlakke van klantediens om 'n mededingingsvoordeel te verkry.

1.1.8 Klante het nie noodwendig 'n verhouding of persoonlike band met die verkoper nie en hul besluit om te koop is gebaseer op prys.

1.1.9 Een manier om klagtes van klante aan te spreek, is deur werknemers op te lei.

1.1.10 Minder gemotiveerde werknemers werk baie hard om besigheidsdoelwitte te bereik.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Stel reëls waarvolgens die besigheid sy sake bestuur.	A	navorsing
1.2.2	Dit verwys na hoe 'n besigheid sy produkte en dienste verkoop.	B	SABS
1.2.3	'n Organisasie wat minimum gehaltevereistes vir 'n verskeidenheid produkte neerlê.	C	mensehulpbronne
1.2.4	Wanneer 'n besigheid hoë standaarde wat deur ander besighede in dieselfde bedryf beoefen word, waarneem.	D	beleid
1.2.5	Dit is 'n voorbeeld van 'n substelsel van die ontwerpkomponent van 'n sakestelsel.	E	kwaliteit-evaluerings-instrument
1.2.6	Die sakestelsel wat verseker dat die regte hoeveelheid en kwaliteit van werknemers in die besigheid beskikbaar is.	F	bemarking
1.2.7	Iemand wat geld insamel om sy of haar eie besigheid te begin	G	entrepreneur
1.2.8	Dit word aan werknemers gegee om hulle te motiveer om hul werkprestasie te verbeter.	H	aandeelhouers
1.2.9	Betalings gemaak aan iemand wat in die werkplek beseer is.	I	aansporing
1.2.10	Hulle is een van die belangrikste belanghebbendes van 'n besigheid.	J	vergoeding
		K	normbepaling ('benchmarking')

(10 × 1) (10)

1.3 Definieer die volgende terme. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1– 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Bates

1.3.2 Gehalte

1.3.3 Besigheidsplan

1.3.4 Inspeksie

1.3.5 Verkryging ('Procurement')

(5 × 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: [30]

AFDELING B

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord dan die vrae.

PRINS MASHELE BRING HOOP VIR KLEIN BESIGHEDE EN HUISHOUDINGS IN PRETORIA

Suid-Afrika se energiekrisis duur die afgelope vier jaar voort. Ten spyte van talle pogings deur die regering om beurtkrag te bekamp, het die probleem voortgeduur tot nadeel van die meeste besighede in die land. Die meeste besighede het gesukkel om aan die eise van hul produkte of dienste te voldoen, en het daarom baie klante en kliënte verloor en moes hulle werkers aflê.

Prins Mashele het die beurtkragkrisis as 'n sakegeleentheid gesien. Hy het 'n idee ontwikkel oor hoe hy 'n oplossing kan bied vir uitdagings wat besighede ervaar as gevolg van beurtkrag. Prince is 'n gekwalifiseerde en gesertifiseerde elektrisiën met meer as 15 jaar ervaring in elektriese produksie en instandhouding by 'n maatskappy in Gauteng. Nadat hy sy studies in sonnestelsels en installasies aan Tshwane Noord TBOO-kollege ('Tshwane North TVET college'), Mamelodi-kampus, voltooi het, het hy besluit om te bedank om 'n besigheid te begin.

Hy het 'n besigheid genaamd We Serve Electrical Solutions (WSES) begin wat voorsiening maak vir huisbedrading, sonkraginstallasies en -herstelwerk asook 'n voldoeningsertifikaat (CoC) vir alle elektriese installasies uitreik. Hy het sy dienste aangebied in die townships in die Pretoria-omgewing. Die maatskappy het binne 'n kort tydjie enorme groei aangeteken en Prince moes bykomende mense aanstel om hom in sy besigheid te help.

[Aangepas: *www.news24.com*]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik VYF funksies wat Prince as die bedryfsbestuurder van WSES verrig. (10)

2.2 Wat moet Prince doen om werknemers in sy besigheid te motiveer en te hou? (4 × 2) (8)

2.3 Prince het TGB ('TQM') in sy besigheid ingestel en daarom reik hy 'n voldoeningsertifikaat uit na voltooiing van die werk.

Wat is die voordele van die instelling van TGB ('TQM') in 'n besigheid? (5 × 2) (10)

2.4 Verduidelik die veiligheidsfunksie van Prince as bedryfsbestuurder. (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Prince het besluit om 'n veiligheidsbeampte aan te stel gegewe die aard van hierdie besigheid.

3.1.1 Gee die prosedures wat hy moet volg om die veiligheidsbeampte aan te stel. (5)

3.1.2 Wat is die tegnieke wat WSES kan instel om aan veiligheidsbehoeftes te voldoen? (5 × 2) (10)

3.2 WSES werk in 'n omgewing wat deur risiko's gekenmerk word.

Wat is die oorsake van risiko's of gevare in die werkplek? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Prince moet 'n aksieplan vir sy besigheid ontwikkel.

Bespreek die komponente van 'n weeklikse aksieplan met betrekking tot WSES. (5 × 2) (10)

4.2 Verduidelik die rolle van 'n bedryfsbestuurder in terme van spesifieke funksies in hierdie besigheid. (5 × 2) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou